

# WAT IS BEDROG?

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---


Bedrog is by verre die mees omvangryke misdaad in die wêreld. Dit is die grootste onwettige geldmaker en stof selfs die dwelmshandel uit. Daar is gevolglik bykans nie meer 'n persoon wat nog nie onder een of ander vorm van bedrog deurgeloop het nie. Die slegte nuus is dat die gevalle van bedrog nie alleen toeneem nie maar dat die bedrae wat by insidente betrokke is ook al groter word. Ongelukkig is die gereg nie in staat om die oorweldigende volume bedrogsake waaronder individue, besighede en die openbare sektor gebuk gaan te kan hanteer nie. Hierdie risiko sal dus self bestuur moet word.

Bedrog word gepleeg wanneer iets van waarde onwettig deur middel van 'n wanvoorstelling bekom word. Dit behels gewoonlik nie geweld teenoor 'n persoon nie maar lei uiteindelik wel tot ekonomiese skade. In regsterme word bedrog beskryf as die wederregtelike, opsetlike maak van 'n wanvoorstelling wat werklike benadeling tot gevolg het, of wat potensiele nadeel vir 'n ander inhou. Daar is dus vier elemente by betrokke:

- Wanvoorstelling
- Nadeel of potensiele nadeel
- Wederregtelikheid
- Opset

Die wanvoorstelling kan uitdruklik geskied of ook stilswyend, deur doelbewus feite te verswyg. Bedrog is 'n kriminele oortreding en dus 'n misdaad teenoor die staat.

Soos alle kriminele oortredings is bedrog die produk van drie faktore naamlik 'n aanbod van gemotiveerde oortreders; die teenwoordigheid van 'n potensiele slagoffer of teiken; en die afwesigheid van 'n behoorlike beskermer. Hierdie algemene reël is van toepassing of daar nou na bedrog teen die regering, bedrog teen weerlose mense of werksplekbedrog deur 'n maatskappydirekteur gepleeg word. Hoewel die basiese faktore dieselfde is, kan bedrog in twee hoofkategorieë verdeel word wat op hulle beurt weer onderverdeel kan word, soos wat vervolgens skematies voorgestel is:



### **Bedrog gepleeg teen 'n organisasie deur 'n direkteur of uitvoerende bestuurder van die organisasie**

Hierdie bedrog ontstaan gewoonlik waar 'n individu mettertyd 'n baie sterk posisie binne 'n organisasie ontwikkel as gevolg van vorige suksesse wat hy of sy vir die organisasie bewerkstellig het. Die persoon voel naderhand dat die organisasie eintlik maar aan hom behoort en dat dit hom meer skuld as wat sy salaris werd is. Dit is dus aanvaarbaar as hy meer vat as wat hom toekom want hy is in wese die verpersoonliking van die organisasie. Hoewel dit in besighede ook kan voorkom, kom dit dikwels by persone voor wat in politieke magposisies aangestel is. "Omdat ek deel van die struggle was skuld die land my eintlik meer as net my salaris!"

### **Bedrog gepleeg teen 'n organisasie deur 'n kliënt of werknemer**

Waar bedrog in die eerste geval meestal toegeskryf word aan die arrogansie van 'n direkteur of uitvoerende bestuurder wat voel die organisasie skuld hom iets omdat hy so suksesvol is, vind dit in die geval van werknemers en kliënte plaas omdat hulle voel die organisasie het hulle onregverdig behandel. Die werknemer het dalk nie die salarisverhoging of bevordering gekry wat verwag is nie en daarom regverdig hy sy onregmatige optrede. "Ek word in elk geval te min betaal en daarom skuld die organisasie my iets!" In die geval van 'n kliënt kan daar aangevoer word dat die organisasie se pryse in elk geval baie hoog is of dat die organisasie in elk geval 'n baie groot wins maak.

### **Bedrog gepleeg teen 'n individu deur 'n ander individu binne die konteks van 'n direkte benadering**

Hier kry ons dikwels die een tot een bedrogskemas. 'n Sogenaamde beleggingsmakelaar wat 'n onskuldige weduwee uit haar geld bedrieg. Hulle regverdig weer gewoonlik hulle optrede deur aan te voer dat die ou tannie in elk geval te veel geld het om alles uit te leef of dat as sy so naïef is om vir die bedrog te val sy dit in elk geval verdien om ingeloopt te word.

### **Bedrog gepleeg teen 'n aantal individue deur gedrukte of elektroniese media of enige ander metode**

Hierdie tipe bedrog kom daagliks in byvoorbeeld e-posse voor waar mense meegedeel word dat hulle 'n lotery of motorkar gewen het of dat hulle hulle bankbesonderhede of een of ander wanvoorgestelde webwerf moet verskaf. Die bedrieërs maak op massaverspreiding staat deur miljoene sulke e-posse uit te stuur en daarop staat te maak dat daar altyd 'n paar mense gaan wees wat positief daarop gaan reageer.

## **Slotsom**

Bedrog kan homself in verskeie gedaantes voordoen. Dit kom al van die mens se ontstaan af voor en die eerste aangemelde geval het al in die paradys gebeur. Soos genoem moet daar slegs vier elemente by betrokke wees naamlik wanvoorstelling, nadeel of potensiële nadeel, wederregtelikheid en opset maar net soos wat slegs sewe note van die *tonic sol-fa* al miljoene verskillende deuntjies opgelewer het, het hierdie vier elemente al baie bedrogskemas opgelewer wat telkens net op 'n ander wyse in 'n ander verpakking aan onskuldige slagoffers aangebied word. In hierdie nuwe reeks oor bedrog gaan verskeie aspekte van bedrog beskryf word om die leser hopelik meer bewus en op hulle hoede vir bedrog te maak.

---

**BETHLEHEM**

**Februarie 2009**